NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 6 AUGUSTUS 2014 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, Vakant [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z	Goliath, M S I
Cleophas, J H	Humphreys, F S
Cloete, C M	Rangasamy, M
Cox-Bruintjies, Y S	Sedeman, A C
Geel, B W	Stemele, O M

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingeneursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter stel die Onderburgemeester, rdh M S I Goliath aan die woord. Rdh Goliath noem dat aangesien Augustus as vrouemaand beskou word, sy 'n beroep doen dat daar spesiaal na die vroue omgesien moet word, maar nie slegs gedurende Augustus nie, maar wel daagliks.

Rdh M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Die komitee is voltallig.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 4 JUNIE 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 4 Junie 2014 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT dat daar met dank kennis geneem word van die skrywes soos met die

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 KWARTAALVERSLAE: APRIL TOT JUNIE 2014

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)
5.1.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)(5/7/1/1)

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl F S Humphreys)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, Direktoraat Korporatiewe Dienste en die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk 1 April tot 30 Junie 2014;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat kennis geneem word dat daar navrae vanaf die publiek verwag word aangaande die Julie-maand diensterekening, aangesien die verhoogde tariewe met ingang van 1 Julie 2014 geïmplementeer word, en waar eiendomsbelasting agterstallig is, dit eenmalig gehef sal word;

(c) Dat, met bogenoemde in ag genome, 'n beroep op raadslede gedoen word om die publiek na die Kredietbeheerafdeling te verwys vir hantering van die navrae en moontlike afbetalingsreëlings;

(d) Dat verder kennis geneem word dat die finale syfers ten opsigte van die 2013/2014 finansiële jaar met die September-maand se verslag beskikbaar gestel sal word.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 TERUGVOERING: SALGA WERKGROEP: *HUMAN RESOURCES DEVELOPMENT AND COLLECTIVE BARGAINING*: 15 MEI 2014 (11/1/1/24)

Die agenda van die Salga Werkgroepvergadering wat gehou was op 15 Mei 2014 is met die sakelys gesirkuleer.

Die verslag soos opgestel deur die Bestuurder: Menslike Hulpbronne bevat 'n opsomming van die belangrikste besprekings wat tydens die Werkgroep plaasgevind het, en het dit ten doel om raadslede op hoogte te bring met hierdie kwessies.

AANBEVELING

(a) Dat daar kennis geneem word van die agenda van SALGA se *Human Resources Development and Collective Bargaining* werkgroepvergadering van 15 Mei 2014;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeester 'n beroep op amptenare, sowel as raadslede doen om soortgelyk verslag te doen ten opsigte van alle SALGA werkgroepe wat vir die onderskeie dissiplines gehou word.

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Fortuin, C
Goliath, M S I
Papers, C H
Rust, N J A
Stanley, B J
Van der Merwe, J I
Van Zyl, M
Wilskut, W
Zatu, N S

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:25 ‘n aanvang.

Die komitee is voltallig.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 4 JUNIE 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 4 Junie 2014 as korrek bekragtig word, onderhewig daaraan dat rdl J H Cleopas as afwesig en rdl C Fortuin as aanwesig aangeteken word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Rdl J I van der Merwe versoek – op toestemming van die voorsitter – dat ‘n minuut van stilte gehandhaaf word vir onder andere die geweld in die Gaza-strook, die Malaysian Airlines-vliegtuig wat in die Oekraïne neergeskiet is en die onlangse padsterftes op ons paaie.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 KWARTAALVERSLAE: APRIL TOT JUNIE 2014

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Besluit/...

5.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl B W Geel)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk 1 April tot 30 Junie 2014;

(b) Dat – op beroep van rdl C Fortuin – die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste die wegdoen van oortollige sand nadat ‘n graf toegegooi is tydens die volgende Begrafnisondernemingsforum-vergadering bespreek om te bepaal wie se verantwoordelikheid dit is;

(c) Dat – op navraag van rdl N S Zatu aangaande die bou van mini-substasies in onder andere Riebeek-Wes, Ilinge Lethu en Kalbaskraal en die plaaslike werksgeleenthede wat geskep word – die Direkteur: Elektriese Dienste ‘n afspraak met rdl Zatu maak om detail aangaande die projekte te voorsien.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Geel, B W
Goliath, M S I
Papers, C H
Philander, D B
Rangasamy, M
Sneewe, A M
Stanley, B J
Van der Merwe, J I
Van der Westhuizen, R F

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:50 ‘n aanvang.

Die komitee is voltallig.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 4 JUNIE 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 4 Junie 2014 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 KWARTAALVERSLAE: APRIL TOT JUNIE 2014

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.2 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)
5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)
5.1.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-1)

Die voorsitter (Beskermingsdienste, rdl M van Zyl) versoek die Direkteur: Beskermingsdienste om belangrike punte uit die kwartaalverslag aan die vergadering uit te wys.

5.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslae van onderskeidelik die Direktoraat Ontwikkelingsdienste en die Direktoraat Beskermingsdienste vir die tydperk 1 April tot 30 Junie 2014;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat kennis geneem word, soos vermeld deur rdl D B Philander, dat die Raad bekommerd is oor die aantal padsterftes in die Swartland munisipale gebied;

(c) Dat kennis geneem word van die versoek deur rdl B J Stanley dat, met verwysing na die aantal spoedoortredings, die amptenare wat spoed vang meer sigbaar moet wees om motoriste bedag te maak om stadiger te ry;

(d) Dat verder kennis geneem word – op navraag van rdl J I van der Merwe – dat die Direkteur: Beskermingsdienste in proses is om die skofstelsel te hersien om moontlik die diensure na-ure te verleng;

(e) Dat kennis geneem word van die versoeke deur rdl A C Sedeman, naamlik:

- dat ‘n kennisgewingbord by die kassiere van die Verkeersafdeling opgesit word aangaande die prosedure om ‘n bestuursderslisensie uit te neem, aangesien die publiek onnodig in die ry staan en dan na ‘n ander punt verwys word;
- dat die Direkteur: Beskermingsdienste die amptenare wat die oogtoetse aflê sal versoek om vriendeliker teenoor die publiek op te tree.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE